Heidelbergse Kategismus

Sondag: 7

Heidelbergse Kategismus	Sondag: 7
Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?	Antwoord: Nee; maar slegs die wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.
Vraag 21: Wat is ’n ware geloof?	Antwoord: ’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.
Vraag 22: Wat moet ’n Christen glo?	Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.
Vraag 23: Hoe lui die artikels?	Antwoord: (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan*. (5) Hy het op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die opstanding van die liggaam (12) en ’n ewige lewe. * Letterlik: en neergedaal het na die hel.

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee;



Matteus 7:14: Maar hoe nou is die poort en hoe smal die pad wat na die lewe lei! En daar is min wat dit vind

Matteus 22:14: Baie is immers geroep, maar min is uitgekies

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee; maar slegs die wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.



Psalm 2:12: Soen die Seun, sodat Hy nie toornig word en julle op pad omkom nie, want sy toorn vlam maklik op. Gelukkig is almal wat by Hom skuil.

Jesaja 53:11: Ná die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien; Hy sal versadig wees aan sy kennis. “My Dienskneg sal Hom as ’n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai.

Markus 16:16: Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal verlos word; maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word.

Johannes 1:12–13: Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo. Hulle is nie uit bloed nie, ook nie uit liggaamlike drang nie, ook nie uit die wil van ’n man nie, maar uit God gebore.

Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Johannes 3:18: Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun van God geglo het nie.

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee; maar slegs die wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.



Johannes 3:36: Wie in die Seun glo, het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie; inteendeel, die toorn van God bly op hom.

Romeine 3:22: Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo. Want daar is geen onderskeid nie:

Romeine 11:20: Goed en wel. Dit is deur hulle ongeloof dat hulle uitgebreek is. Maar jy is daar deur jou geloof. Moenie hooghartig wees nie, maar wees vol ontsag

Hebreërs 4:2–3: Want net soos aan hulle, is die goeie boodskap ook aan ons verkondig. Maar die boodskap wat hulle gehoor het, het hulle nie gebaat nie, omdat hulle nie deur die geloof verenig is met dié wat dit wel gelowig aangehoor het nie.

Hebreërs 5:9: En nadat Hy tot volmaaktheid gebring is, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige verlossing geword,

Hebreërs 10:39: Maar ons is nie deel van enige onttrekking wat tot ondergang lei nie, maar van die geloof wat lei tot behoud van die lewe.

Hebreërs 11:6: Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek.

Vraag 21: Wat is ’n ware geloof?

Antwoord: ’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie,



1 Samuel 2:3: Julle moet nie verwaand bly praat nie, nie vermetele woorde oor julle lippe laat kom nie; want ’n God van kennis is die HERE; deur Hom word dade geweeg.

Job 36:3–4: Ek sal my kennis ver gaan haal, en ek sal erkenning gee aan die geregtigheid van my Maker. Ja, dit staan vas: My woorde is nie leuens nie; iemand met volmaakte kennis is hier by jou.

Psalm 119:66: Leer my goeie oordeel en kennis, want ek vertrou op u bevele.

Spreuke 2:1–9: My seun, as jy my woorde aanvaar, my opdragte veilig by jou hou deur aandagtig te luister na wysheid, jou hart te rig op verstandigheid, ja, as jy om insig roep, hardop roep om verstandigheid, as jy dit nastreef soos silwer, dit soos ’n verborge skat naspeur, dan sal jy insig hê in ontsag vir die HERE, en kennis van God sal jy vind. Ja, net die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstandigheid. Vir die opregtes hou Hy vindingrykheid in bewaring, as ’n skild vir hulle wat onberispelik leef, deurdat Hy die paaie van die reg bewaak; die pad van sy getroue volgelinge beskerm Hy. Dan sal jy verstaan wat regverdig, billik en reg is – elke goeie pad.

Spreuke 8:10: Aanvaar my vermaning, en nie silwer nie, aanvaar kennis eerder as goud.”

2 Korintiërs 2:14: Maar dank aan God, wat ons altyd deur Christus in sy triomftog meevoer, en die geur van sy kennis op elke plek deur ons versprei.

Vraag 21: Wat is ’n ware geloof?

Antwoord: ’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue



Psalm 9:11: Wie u Naam ken, kan op U vertrou, want U laat hulle wat U soek nie in die steek nie, HERE.

Romeine 4:18–21: Hy het teen alle verwagting in bly hoop, en geglo dat hy die vader van baie nasies sou word, soos gesê is: “Só sal jou nageslag wees.” Sy geloof het nie verswak nie, al het hy besef dat sy eie liggaam reeds so te sê dood was – hy was reeds ongeveer 100 jaar oud – en dat Sara se moederskoot ook reeds dood was. Met die belofte van God in gedagte, het hy nie in ongeloof verval en begin twyfel nie; trouens, hy het sterker geword in die geloof, en het die eer aan God gegee. Hy was vas daarvan oortuig dat God dit wat Hy beloof het, ook kan doen

Romeine 10:10:Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos.

Efesiërs 3:12: In Hom het ons, deur ons geloof in Hom, ’n seker en vrymoedige toegang tot God

Hebreërs 4:16: Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.

Hebreërs 11:1: Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, ’n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.

Hebreërs 11:7: Deur geloof het Noag, toe hy die goddelike opdrag ontvang het oor dit wat nog glad nie gesien is nie, en omdat hy in eerbied gehoorsaam was, ’n ark voorberei vir die redding van sy huis. Daardeur het hy die wêreld veroordeel, en ’n erfgenaam geword van die regverdiging volgens geloof.

Jakobus 1:6: Maar hy moet in die geloof vra, sonder om enigsins te twyfel, want wie twyfel, is soos ’n golf van die see wat deur die wind rondgeruk en voortgesleep word.

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees



Matteus 16:17: Jesus antwoord hom: "Gelukkig is jy, Simon Barjona, want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar my Vader in die hemele.

Johannes 3:5: Jesus antwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.
Johannes 6:29: En Jesus het hulle geantwoord: "Dít is die werk van God: Dat julle glo in die Een wat Hy gestuur het."
Handelinge 16:14: 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het.
2 Korintiërs 4:13: Maar aangesien ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskryf staan, "Ek het geglo, daarom het ek gepraat" – glo ons ook, en daarom praat ons
Galasiërs 5:22; Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid,
Efesiërs 2:8: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.
Filippense 1:19: want ek weet dat dit alles tot my verlossing sal lei, omdat julle vir my bid, en die Gees van Jesus Christus my ondersteun

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk



Handelinge 10:44: Petrus was nog aan die woord, toe die Heilige Gees op almal wat na die toespraak luister, neerdaal.

Handelinge 16:14: 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het.

Romeine 1:16: Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek

Romeine 10:17: Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.

1 Korintiërs 1:21: Trouens, deur die wysheid van God het die wêreld Hom nie deur hulle wysheid leer ken nie. God het verkies om hulle wat glo, te verlos deur die dwaasheid van die verkondiging

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus



Lukas 1:76–78: En jy, kindjie, profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uitloop om sy paaie gereed te maak, en om sy volk in te lig dat hulle verlos kan word deur die vergewing van hulle sondes, danksy ons God se innige ontferming, waardeur die môreson uit die hoogte oor ons sal opkom,

Handelinge 10:43: Oor Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, deur sy Naam vergewing van sondes ontvang.

Romeine 3:24: en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus.

Romeine 5:19: Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word

Efesiërs 2:8: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.



Habakuk 2:4: Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige – deur sy betroubaarheid sal hy lewe.

Romeine 1:17: Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Die regverdige op grond van geloof sal leef."

Galasiërs 2:16: en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van die uitvoering van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur die geloof in Jesus Christus. Ook ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons regverdig verklaar kon word op grond van geloof in Christus, en nie op grond van die uitvoering van die wet nie; omdat geen mens op grond van die uitvoering van die wet geregverdig sal word nie.

Galasiërs 3:11: En dat niemand op grond van die wet voor God geregverdig word nie, is duidelik, want: "Die regverdige op grond van geloof sal leef."

Hebreërs 10:10: Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.

Hebreërs 10:38: My regverdige sal deur geloof leef. As hy hom egter sou onttrek, het Ek geen behae in hom nie."

Vraag 22: Wat moet ’n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.



Matteus 28:19: Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,

Markus 1:15: Hy het gesê: “Die bestemde tyd is vervul, en die koninkryk van God is op hande. Bekeer julle en glo die evangelie.”

Johannes 20:31: Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê.

Vraag 23: Hoe lui die artikels?

Antwoord:
(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
(2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
(3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
(4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan*.
(5) Hy het op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
(6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
(7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
(8) Ek glo in die Heilige Gees.
(9) Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
(10) die vergewing van sondes;
(11) die opstanding van die liggaam
(12) en ’n ewige lewe.
* Letterlik: en neergedaal het na die hel.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 7

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?
Antwoord: Nee1; maar slegs die wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem2.
1 Matteus 7:14; Matteus 22:14
2 Psalm 2:12; Jesaja 53:11; Markus 16:16; Johannes 1:12–13; Johannes 3:16; Johannes 3:18; Johannes 3:36; Romeine 3:22; Romeine 11:20; Hebreërs 4:2–3; Hebreërs 5:9; Hebreërs 10:39; Hebreërs 11:6
Vraag 21: Wat is ’n ware geloof?
Antwoord: ’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie1, maar ook ’n vaste vertroue2 wat die Heilige Gees3 deur die evangelie in my hart werk4, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus5 vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het6.
1 1 Samuel 2:3; Job 36:3–4; Psalm 119:66; Spreuke 2:1–9; Spreuke 8:10; 2 Korintiërs 2:14
2 Psalm 9:11; Romeine 4:18–21; Romeine 10:10; Efesiërs 3:12; Hebreërs 4:16; Hebreërs 11:1; Hebreërs 11:7; Jakobus 1:6
3 Matteus 16:17; Johannes 3:5; Johannes 6:29; Handelinge 16:14; 2 Korintiërs 4:13; Galasiërs 5:22; Efesiërs 2:8; Filippense 1:19
4 Handelinge 10:44; Handelinge 16:14; Romeine 1:16; Romeine 10:17; 1 Korintiërs 1:21
5 Lukas 1:77–78; Handelinge 10:43; Romeine 3:24; Romeine 5:19; Efesiërs 2:8
6 Habakuk 2:4; Romeine 1:17; Galasiërs 2:16; Galasiërs 3:11; Hebreërs 10:10; Hebreërs 10:38
Vraag 22: Wat moet ’n Christen glo?
Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word1 en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.
1 Matteus 28:19; Markus 1:15; Johannes 20:31
Vraag 23: Hoe lui die artikels?
Antwoord:
(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
(2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
(3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
(4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan*.
(5) Hy het op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
(6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
(7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
(8) Ek glo in die Heilige Gees.
(9) Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
(10) die vergewing van sondes;
(11) die opstanding van die liggaam
(12) en ’n ewige lewe.
* Letterlik: en neergedaal het na die hel.

Kopiereg

© 2026